**WOENSDAG 29 JULIE**

**SKRIFGEDEELTE: GENESIS 34:24-31; 49:5-7**
**FOKUSGEDEELTE: GENESIS 49:7**

## Levi – Staan vir wat reg is, maar volgens die wil van God

Jakob het op sy sterfbed nie eintlik ’n goeie woord vir sy seun Levi (hy wat aanhang) gehad nie. Al drie die oudste seuns was by Jakob in diskrediet, want Juda, die vierde oudste, moes die seën vir die eersgeborene ontvang. Die Messias sou immers uit sy nageslag kom.

Levi het die harde woorde egter ook verdien. Hy en sy broer Simeon het immers met verraad en moord wraak geneem op die verkragting van hulle suster, Dina. Daarom vervloek Jakob hulle optrede (OAV).

Hierdie temperament van sy voorvader sou later van Moses ’n vlugteling maak nadat hy ’n Egiptenaar doodgeslaan het, en dit sou ook veroorsaak dat Moses nie in Kanaän kon ingaan nie, omdat hy in woede die rots by Meriba geslaan het (Num. 20). Hierdie sin vir geregtigheid sou egter ook maak dat die Leviete die enigstes was wat bereid was om na vore te tree en die straf van die Here op die res van die volk uit te oefen ná die gebeure van die goue kalf (Eks. 32:26-29).

So het dit wel gebeur dat die Leviete tussen hulle volksgenote versprei is soos Jakob geprofeteer het, maar dit was egter as priesters en godsdienstige leiers. Aan hulle is ook die staatsadministrasie toevertrou. As godsdienstige leiers was hulle die wegbereiders vir die koms van die Messias, ’n funksie wat sou uitloop op die werk van die Leviet, Johannes die Doper. Ook Johannes sou in sy prediking nie skroom om hard en reguit vir die waarheid op te staan nie!

God kan deur sy Gees ’n “haastige” temperament temper en diensbaar maak in sy diens. Dit is belangrik om ’n ywer te hê vir dit wat reg is, maar wanneer ons opstaan vir dit wat reg is, moet ons dit doen in afhanklikheid van God en in ooreenstemming met sy wil.

*Sing: Psalm 139-1:11, 12*
*Ds. HB (Bernard) Hattingh (Warmbad)*